

VERBALE EN NIE-VERBALE I.K.
T.O.V. PRESTASIEKRITERIA

deur

J. S. GERICKE



Skripsie goedgekeur ter verkryging
van die graad Magister in
Sielkunde aan die Universiteit
van Stellenbosch

PROMOTOR: PROF. J.M. DU TOIT, M.Sc., Ph.D.

NOVEMBER 1963

OPGEDRA AAN MY OUERS.

Graag wil ek dank betuig teenoor die volgende persone:

My promotor, Prof. Dr. J.M. du Toit, vir sy besielende en uiters wetenskaplike leiding en die aangename atmosfeer waarin ons besprekings kon plaasvind;

My ouers, vir hul ondersteuning deur my studiejare heen en veral vir die finansiële hulp wat die voltooiing van hierdie skripsie bemoontlik het;

Mnr. Y.R. de Villiers, vir sy onbaatsugtige hulp met die teken van die grafieke;

Mnr. C. Cilliers, Mev. S. Bruwer en Mej. S. van der Rijst, vir hul hooggewaardeerde raad;

Mev. R. du Plessis, vir die netjiese tik van die manuskrip;

Die betrokke persone by die Administrasiegebou vir die afrol van die grafieke.

STELLENBOSCH
9 November 1963.

I N H O U D S O P G A W E

<u>HOOFSTUK</u>	<u>P.</u>
I. a. Inleiding	1
b. Die Doelstellings	2
II. <u>LITERATUUROORSIG</u>	3
III. <u>INSAMELING EN VERSPREIDING VAN GEGEWENS</u>	
1. Insameling van Gegewens	17
a. Die Monster	17
b. Gegewens buite rekening gelaat	17
c. Gegewens gebruik	18
2. Algemene opmerkings oor Verspreidings	18
3. Kort Bespreking van Grafieke	22
IV. <u>VERGELYKING VAN GEMIDDELTE KRITERIUM-VERSKILLE</u>	41
Bespreking	49
V. <u>KORRELASIEBEREKENINGE</u>	51
Algemene Bespreking	54
VI. <u>PARSIËLE KORRELASIES</u>	56
Bespreking	59
VII. <u>SAMEVATTING</u>	61
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	63
<u>BYLAE</u>	67

H O O F S T U K I

(a) Inleiding

Baie navorsing is reeds gedoen oor die waarde van intelligensiemeting as voorspellingsmiddel vir akademiese sukses. Oor die algemeen is teleurstellende resultate gevind, wat daarop dui dat algemene intelligensie (g) slegs een van baie faktore is wat 'n suksesvolle akademiese aanpassing verseker. "Intelligensie", soos hier gebruik, behels daardie aspekte van kognitiewe gedrag wat deur erkende verstandstoetse gemeet word.

Afgesien van intelligensiemetings kan die voorligter vandag ook staat maak op ander meetmiddels as prognose vir akademiese sukses. Dit blyk byvoorbeeld 'n uitgemaakte saak te wees dat daar 'n sterk verband tussen matriek- en universiteitsprestasies bestaan (3, p.125; 8, p.34; 9, p.59; 10, p.42; 15, pp. 68-69; 19; 23, p.44; 27, p.44). Die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing het gevind dat die beste voorspeller vir lees- en rekenvermoë gestandaardiseerde lees-, reken- en ander toetse van skoollastiese prestasie en aanleg is (28). Dit is ook duidelik dat taal 'n wesenlike rol by akademiese sukses speel (vgl. literatuuroorsig). Alle akademiese materiaal word d.m.v. taal oorgedra en die meeste vakke op skool of universiteit is in mindere of meerdere mate verbaal belaaid (32). Die verbale faktor, soos deur die bestaande intelligensietoetse gemeet, dek dus eintlik 'n groter akademiese veld as die nie-verbale faktor. Die verbale faktor kan dus verwag word om 'n nouer verband met akademiese prestasie te toon as die nie-verbale faktor. As prognostiese faktor behoort dit sterker te weeg as die nie-verbale faktor.

Om terug te keer na wat aan die begin gesê is, kan die vraag op hierdie stadium gestel word of die Intelligensie Koëffisiënt nog as voorspeller

ingespan moet word; veral dan as differensiering van die I.K. beter voorspellingsresultate sou toon.

(b) Die Doelstellings

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel wat die verband van die Koëffisiënt van Verbale Intelligensie (VIK) enersyds en van Nie-Verbale Intelligensie (NVIK) andersyds, soos gemeet deur die NSAGT, met akademiese prestasie is. Matriek-prestasie is as tweede kriterium gebruik (waar akademiese prestasie = prestasie op universiteit).

Die rol van hierdie intelligensiefaktore is afsonderlik nagegaan in die geval van studente in die:

(a) B.A.-rigting

(b) B.Sc.-rigting

H O O F S T U K I IL I T E R A T U U R O O R S I G

Die meeste korrelasieberekenings is tot dusver uitgevoer tussen I.K.-Totaal en een of ander prestasiekriterium, wat in die meeste gevalle gestandaardiseerde aanlegtoetse was. Waar die verband tussen verbale en nie-verbale aanleg apart t.o.v. prestasiekriteria bepaal is, was die bevindings nog deurgaans dat daar hoër korrelasies tussen verbale intelligensiekoëffisiënte en prestasie bestaan as tussen nie-verbale intelligensiemetings en prestasie.

Gundersen (17, p. 2142) maak gebruik van die California Test of Mental Maturity (CTMM), die Lorge-Thorndike Intelligence Test en die Iowa Test of Basic Skills. (ITBS). Die gemiddelde akademiese prestasie van verskillende I.K.-groepe was met die resultate van die ITBS vergelyk d.m.v. variasie-ontledings. Hy maak die volgende gevolgtrekkings:

1. The pupil with higher verbal intelligence will tend to achieve at a higher level in all academic areas of the curriculum. His superiority will probably be most marked in reading, language and vocabulary, least marked in work study skills and arithmetic. The pupil with the higher nonverbal intelligence will tend to do his best work in the latter areas, but even here he will probably fall short of the pupil with higher verbal intelligence.
2. The pupil with higher nonverbal intelligence will more often evidence, on diagnostic testing, some sort of reading deficiency. If the difference is 16 points or more, the chances are about 7 out of 10 that this will be so.

3. In general, the child with higher verbal intelligence will tend to prefer the kinds of intellectual activities in which he excels.
4. Differences between the pupils in adjustment and in the incidence of problems and worries will probably not be great."

Hierdie gevolgtrekkings deur Gundersen is 'n goeie samevatting van wat reeds op hierdie gebied gevind is.

'n Uitgebreide ondersoek is deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing uitgevoer, getiteld: "Die relatiewe betekenis van die verbale en nie-verbale gedeeltes van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets binne die onderwyssituasie". (28).

M.b.v. vorm F van die intermediêre reeks van die NSAGT is 'n verteenwoordigende steekproef van 5, 719 tien- tot veertienjarige leerlinge (3,849 Afrikaanssprekend en 1870 Engelssprekend) gemaak. Uit hierdie monster is 'n ewekansige steekproef van 942 leerlinge, 459 Engelssprekend en 483 Afrikaanssprekend, gemaak. Op al die leerlinge is ook die Nuwe Rekentoetse, die Lees- en Taaltoetse (Moedertaal) en die Buro se Aanpassingsvraelys toegepas.

Vier vergelykingsgroepe is verkry:

- A. VIK \succ NVIK met 0 - 10 pte.
- B. NVIK \succ VIK met 0 - 10 pte.
- C. VIK \succ NVIK met meer as 10 pte.
- D. NVIK \succ VIK met meer as 10 pte.

As kriteria het gedien prestasies in:

1. Rekenkunde
2. Moedertaal
3. Aanpassing

Korrelasies sowel as beduidendheid van verskille van werklike punte in die toetse is vir die verskillende groepe bereken. Die volgende afleidings is gemaak. (28, p. 3):

- u (i) Groep A presteer gemiddeld in Moedertaal en Rekene beduidend beter as groep B.
- (ii) Groep C presteer gemiddeld in Moedertaal en Rekene beduidend beter as groep D.
- (iii) Groep C presteer gemiddeld in Moedertaal beduidend beter as groep A, maar vaar in Rekene swakker, dog dié verskil is statisties nie beduidend nie.
- (iv) Groep D presteer
 - (a) in Moedertaal beduidend (.05 peil) swakker as groep B
 - (b) in Rekene ook swakker as groep B, maar die verskil is nie beduidend nie
- (v) Groep D presteer skolasties die swakste en groep C die beste".

Verder is ook gevind dat groep C, wat die beste presteer het, in sy geheel die bes aangepaste groep is terwyl groep D, die swakste presteerder, die swakste aanpassing op skool toon.

Hage en Stroud (20) gebruik die Lorge-Thorndike Test, Pressey Reading Rate and Comprehension Tests asook die Iowa Tests of Basic Skills (ITBS). Hulle vind die volgende korrelasies (p. 259):

TABEL 1

	Pressey Compreh.	Reading Rate	Lorge-Thorndike	
			V	NV
Reading Compreh.		.3686	.6817	.4391
Reading Rate	.3686		.5138	.2758
Verbal	.6817	.5138		.6362
Nonverbal	.4391	.2758	.6362	

Die Lorge-Thorndike lewer met die ITBS, die volgende korrelasies:

TABEL 2

	Vocabulary	Reading	Language	Work Study	Arithmetic
Verbal	.8234	.8235	.7415	.7787	.6963
Nonverbal	.5327	.5727	.5502	.6800	.6672

"Reading comprehension and reading rate correlated significantly both with the verbal and nonverbal intelligence scores, but more highly with verbal scores. Partial and multiple correlation analyses suggest that verbal scores are affected more than nonverbal scores by reading proficiency. Further, the data suggest that at all levels of reading proficiency verbal intelligence scores give a somewhat better prediction of academic achievement than do nonverbal scores, although in the case of arithmetic the difference is so slight as to have no significance." (20 p. 261).

Kittell (21) vind m.b.v. die CTMM en California Reading Test dat kinders met 'n tweetalige agtergrond, laer verbale tellings as kinders met 'n eentalige agtergrond behaal. Die verskil is beduidend op die 5% peil.

Eentalige kinders het hoër verbale tellings as nie-verbale tellings in die CTMM behaal, terwyl in die geval van tweetaliges die nie-verbale tellings hoër was (lg. geval onbeduidend).

Cooper (6) daarenteen, skryf die hoë korrelasie wat hy tussen die verbale skaaltellings op die Wechsler Intelligence Scale for Children (WISC) en die California Achievement Test (CAT) verkry het toe aan die tweetalige atmosfeer waarin hoër tellings op die Wechsler verbale skaal sowel as CAT verkry word. Volgens hom dui dit moontlik daarop dat daar meer "common elements rather than intelligence 'per se'" hier voorkom.

Gundersen en Feldt (18) het hul proefpersone met die CTMM en ITBS getoets. Hulle is op 'n identiese IK Totaalbasis afgepaar en in die volgende 4 kategorieë geplaas:

1. $NV > V$ met meer as 24 pte. (Extreme Non-language)
2. $NV > V$ met 16-23 pte. (Moderate Non-language)
3. $V/NV \approx NV/V$ met 8 of minder pte. (Equal Group)
4. $V > NV$ met meer as 24 pte. (Extreme Language).

Kategorie (3) het as kontrole gedien.

Die volgende resultate is verkry:

P. 118. "Mean grade equivalents of the I.Q. groups in areas of ITBS"

TABEL 3

Divergency Groups	Vocabulary	Reading	Language	W.Study	Arithm.	Mean.
N = 25 per group						
Extreme Language	52.88	52.00	50.72	48.56	46.88	50.21
Equal Group	45.16	45.52	45.72	43.72	45.56	45.14
Moderate Non-language	41.80	42.92	40.04	41.80	44.56	42.22
Extreme Non-language	39.16	37.44	37.80	39.12	39.32	38.57

Hul algemene bevindings is dat superieure prestasie gekoppel kan word aan superieure verbale (language) intelligensie. Hulle vervolg: "The more frequent recognition of unusual talent in the average or above average language groups is not startling, since school work offers considerable opportunity for the exercise of verbal talents". (Ibid. p. 119).

Stroud, Blommers en Lauber (37) verkry m.b.v. die WISC en ITBS die volgende korrelasies:

TABEL 4

	Lees	Reken	Spel
VIK	.58	.67	.62
NVIK	.63	.52	.60

Hierdie resultate is verkry van 'n groep van 621 kinders, waarvan 416

seuns en 205 dogters was. Min of meer dieselfde korrelasies is vir die geslagte apart gevind. Die mees beduidende korrelasie tussen IK en Lees was tussen NVIK en Lees. Slegs die korrelasie tussen VIK en Rekene was ook nog beduidend, alhoewel die korrelasie tussen VIK en Spel ook hoog was. Die skrywers beweer dan dat differensiële voorspelling m.b.v. die WISC nie baie gebruik word nie.

"The total score, as reported by Binet's concept of a 'general average' is still far and away the most revealing score, so far as prediction of academic achievement is concerned (p. 26). (Vgl. hierteenoor Anderson et. al. (1) se bevindings met die Wechsler Bellevue).

Strang (36) het ook die verband tussen sekere aspekte van I.K.-metings en van leesvermoë ondersoek. Hy rapporteer die volgende: "Correlation between intelligence tests and reading tests are in the neighbourhood of .60, with the correlation being largely based on the verbal aspects of the test." Stockwell (35) bevind dat verbale **aanleg** en **belangstelling** (motivering) die belangrikste faktore by die studie van Frans is.

Schepers (32) het 'n eksperimentele ondersoek uitgevoer oor die geldigheid en prognostiese waarde van die Differensiële bekwaamheids Toetsbattery (Differential Ability Test) van die Nasionale Buro. Hy vind ondermeer: "Reading comprehension, Vocabulary, Language Usage, Verbal Reasoning and Arithmetic II are the best predictors of success in Afrikaans and English (Higher grade). The verbal contents of the first four tests explain their relationship with the two official languages. It is also most likely that it is the verbal element in Arithmetical problems which is responsible for the high correlation with the two languages. Furthermore, it is well known that Arithmetical Problems are good predictors of educational achievement

in general." (Ibid. 39).

Hartmann (19 p. 54), n.a.v. 'n ondersoek van eerstejaarstudente se lees-bekwaamheid, vind die volgende beduidende Bravais-Pearson korrelasies:

TABEL 5

	VIK	NVIK
Leesbegrip (Tot.)	.495	.311
Leesbegrip (Nat. Wet.)	.350	.290
Leesbegrip (Lett.)	.481	.406

(Vergelyk ook die bevindings van Du Toit in die Bylaag).

Dit is duidelik dat daar 'n nouer verband bestaan tussen verbale I.K.-tellings en die verskillende afdelings van die B-toets (U.S.), wat hier gebruik is.

Die verband tussen spoed en akkuraatheid van lees, soos gemeet met die Senior Afrikaanse en Engelse Woordeskat- en Begripstoetse van die Nasionale Buro, en intelligensiemetings was in 1955 soos volg (8, p.22):

TABEL 6

	N	NSAGT Verb.	NSAGT Nie-Verb.
Spoed, Afr. (Aantal woorde in 4 min. gelees)	478	.416	.149
Spoed, Eng.	471	.210	.302
Akkuraatheid, Afr. (% korrek gelees)	434	.290	.208
Akkuraatheid, Eng.	434	.327	.240

Hierdie korrelasies was almal beduidend, alhoewel nie hoog nie. Weer is die verband tussen lees, veral Afr. leesspoed, en verbale aanleg opmerklik. Dit behoort in ag geneem te word dat die leestoets en intelligensietoets albei in Afrikaans aangebied is en dus uit die aard van die saak groot ootenkoms behoort te toon (19, p. 52). Die verband tussen Eng. Akkuraatheid en VIK is ook opmerklik. Du Toit (8, p. 22) stel dit soos volg: "Dis duidelik dat hierdie leestoets dus nie maar net nog 'n intelligensietoets is nie, maar 'n bekwaamheid meet wat in betreklik hoë mate van intelligensie onafhanklik is en op sigself 'n rol mag speel in die akademiese sukses of mislukking van studente".

In 1957 was die resultate met die N.B. Taaltoetse soos volg (9, p. 31):

TABEL 7

	VIK	NVIK
Afr. Woordeskat	.37	.10
Afr. Begrip	.51	.24
Eng. Woordeskat	.28	.25
Eng. Begrip	.37	.35

N = 683

(Sien ook die Bylaag vir 1958 - 1961 resultate).

Al bogenoemde korrelasies, behalwe dié tussen Afr. Woordeskat en NVIK was beduidend op die 1% peil.

Opvallend is die min of meer ewe groot korrelasies wat tussen verbale en nie-verbale intelligensie-tellings en die Eng. afdeling van die toets gevind is.

Oor nie-verbale aanleg en Engels maak Schepers die volgende gevolg-

trekking (32, p. 39): "The reasoning factor in Non-verbal Reasoning is of general academic interest, and that may be the reason why it correlates with English Higher grade, which requires a fair amount of reasoning ability (e.g. tenses of the verb)." Afgesien van die feit dat die toetse op Afrikaanssprekende studente afgeneem is (19, p. 52) moet hierdie stelling van Schepers nie uit die oog verloor word nie.

Die vraag is waarom hoër korrelasies tussen VIK en Afr. Woordeskat en Begrip voorkom as tussen VIK en die Engelse afdeling van die toetse. 'n Moontlike verklaring lê daarin dat die toetse op oorheersend Afrikaanssprekende studente afgeneem is. Gevolglik toon die taalfaktor in die intelligensietoets 'n sterker verband met die taaltoetstellings as die nie-taal faktor.

Wat die korrelasies van die Engelse toetstellings met die intelligensietellings betref, kan Schepers se stelling hierbo slegs as 'n moontlike verklaring dien.

Anderson (2. p. 1037) het die voorspellingswaarde van taal- en nie-taal prestasie d.m.v. subtellings op die CTMM en CAT ondersoek. Die CAT-skale het bestaan uit:

- (a) Reading Vocabulary (RV)
- (b) Reading Comprehension (RC)
- (c) Arithmetic Reasoning (AR)
- (d) Arithmetic Fundamentals (AF)

As kriterium-veranderlike is skoolpunte in lees, rekene, taal en spelling getransformeer op 'n standaardskaal. Die volgende interkorrelasies is verkry:

TABEL 8

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
1. LM		.523	.631	.651	.608	.461	.525	.314	.411	.364
2. NLM			.454	.556	.584	.528	.364	.249	.265	.308
3. RV				.851	.759	.582	.642	.416	.563	.543
4. RC					.834	.695	.612	.411	.561	.534
5. AR						.758	.539	.376	.414	.480
6. AF							.436	.492	.354	.488
7. Reading								.559	.668	.653
8. Arithm.									.630	.619
9. Lang.										.620
10. Spelling										

$$r = .137 \quad p < .05 \quad \& \quad r = .181 \quad p < .01$$

(LM = Language Maturity

NLM = Non-Language Maturity)

Al die korrelasies was beduidend op die 1% peil. Slegs wat Arithmetie Fundamentals betref, was die verband daarvan met Nie-verbale aanleg sterker as met verbale aanleg.

'n Interessante studie is gedoen deur Runquist (31) m.b.t. die leer van verbale konsepte wat in woord- en prentvorm aangebied word. "The most important finding of this study is that performance in concept learning was better when the stimuli were in the form of words than when they were presented pictorially (Ibid. p. 109). Hy skryf die resultate toe aan "the nature of the specific concepts studied, and it was concluded that

in all likelihood no simple answer to the question of which type of presentation of instances is superior can be obtained". (Ibid., p. 111). Geen data oor die intelligensie of leesbekwaamheid van die proefpersone is verstrekkend.

Langenhoven (22) wat die verband tussen I.K.-metings en omgewingsfaktore ondersoek het, vind die volgende korrelasies:

TABEL 9

	VIK	NVIK
Skoolwerk	.53	.46
Skoolmotivering	.51	.41

"Die omgewingsfaktore toon byna deurgaans 'n laer korrelasie met die nie-verbale as met die verbale IK. Die verskille tussen die korrelasies is egter nie so groot nie en slegs beduidend by Skoolmotivering ($P = 1\%$) en by Gehalte van Skoolwerk ($P = 5\%$)" (Ibid. p. 106).

Daar is reeds gewys op die waarde van hoërskoolprestasie as voorspeller van prestasie op universiteit (p.1). Long (24 p.1100) sê hieroor verder: "The best combination of scores would be high school quality point average and the verbal score of the Cooperative School and College Ability Test which gives an R_{xy} ($x_1 x_2$) of .66. The study reaffirms the conclusion, often found, that good grades in high school are the best single indicator of good grades in college".

Oosthuizen (29) vind ietwat anders as die vorige ondersoekte, dat daar sekere primêre vaardighede is wat 'n nouer en betroubaarder verband met akademiese sukses toon as die ander. "Hulle is die numerieke en ver-

bale vaardighede by B.A. Maatskaplike Werk en die ruimtevaardigheid en tot 'n minder mate ook die numerieke vaardigheid by B.Sc. Ingenieurswese". (Ibid. p. 76). Die toets hier gebruik was die Otis toets vir algemene intelligensie.

Crawford & Burnham (5) gee 'n opsomming van die prognostiese toetse by Yale gebruik. Sewe elemente word deur die toetse gedek, t.w.:

1. Verbal facility
2. Linguistic aptitude
3. Verbal reasoning
4. Quantitative reasoning
5. Mathematical Aptitude
6. Spatial visualizing
7. Mechanical ingenuity.

"1, 2 and 3 are found to have directional significance towards liberal arts study; 3, 4 & 5 towards pure science and mathematics, 5, 6 & 7 towards some branch of applied science such as engineering".

Bespreking:

Uit die literatuur blyk dit dat die VIK geriddeld sterker korrelasies met prestasiekriteria toon as die NVIK. Hierdie resultaat kan grootliks toegeskryf word aan taalfaktore wat in byna alle akademiese materiaal, in mindere of meerdere mate, voorkom. Daarom is in die oorsig die verband tussen intelligensiemetings en leesvermoë ook aangetoon. Tog blyk uit die resultate (8, 9, 10, 19) dat leesbekwaamheid, soos deur die genoemde toetse gemeet, 'n belangrike bykomende faktor in die voorspelling

van akademiese sukses is. Dit kom voor asof die leestoets iets anders meet as die intelligensietoets.

Die verband tussen hoërskool- en universiteitsprestasie is aangetoon, asook die waarde daarvan tesame met die VIK. (24).

Vlok (39) wat die verband tussen intelligensie en akademiese sukses van die eerstejaar ondersoek het, kom tot die gevolgtrekking dat, a.g.v. die geringe verband, dit nie moontlik is om bloot op grond van intelligensiemetings te voorspel hoe h eerstejaar op universiteit sal presteer nie. Miller (26, p. 1657) sluit hierby aan: "Intellective ability is not the final cirterion by which potential college material is to be evaluated."

Hoe intelligensiemetings ookal gebruik word, differensieel of as geheel, sal dit deurgaans waagsaam wees om die waarde daarvan te hoog te skat. Die doel van differensiëring tussen verbale en nie-verbale intelligensietellings in hierdie ondersoek moet dan slegs gesien word as 'n poging om die verband van die I.K.-metings met akademiese prestasie te ondersoek.

H O O F S T U K I I I

I N S A M E L I N G E N V E R S P R E I D I N G V A N D I E G E G E W E N S

1. Insameling van Gegewens

(a) Die Monster:

Die totale monster het bestaan uit die gegewens van 578 eerstejaarstudente wat hulle aan die begin van 1961 vir die eerste keer as studente by die Universiteit ingeskryf het. Die gegewens is verkry uit die rekords van die Dept. Sielkunde wat elke jaar 'n aantal toetse op die eerstejaarsbevolking toepas. Slegs studente wat hulle vir die volgende kursusse ingeskryf het, is in die monster betrek.

(i) Die B.A.-rigting - suiwer B.A., Drama, Musiek, Ligg. Opv.
Regte, Admissie, Maatskaplike Werk.

(ii) Die B.Sc.-rigting - Suiwer B.Sc., Landbou, Ingenieurswese,
Bosbou, Ligg. Opv., Huishoudkunde, Medies.

(b) Die volgende gegewens is buite rekening gelaat:

(i) Dié van B.Comm.-studente, omdat die aard van hierdie kursus sodanig is dat daar nie 'n definitiewe onderskeid gemaak kan word tussen die gekose hoofrigtings wat hierdie graadkursus betref nie. Dit bevat elemente uit albei studierigtings.

(ii) Dié van Diplomastudente, aangesien reeds vasgestel is dat daar 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde intelligensiemetings van graad- en diplomastudente bestaan (11).

(iii) Dié van studente wat hul eerstejaar herhaal, of wat reeds aan 'n ander universiteit gestudeer het.

(iv) Die van studente wie se departementele toetsrekords onvolledig is. 'n Student wat wel 'n predikaat (jaarsyfer) behaal het, maar geen eksamenpunt nie, is buite rekening gelaat. Persone van wie al die gegewens beskikbaar was, maar wat gedruip het, is wel in aanmerking geneem.

(c) Die gegewens Gebruik

1. Prestasies in die NSAGT (Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets), wat bestaan uit 'n Verbale, Nie-verbale en Totale telling. Vir die doel van hierdie ondersoek is slegs van die Verbale en Nie-verbale tellings gebruikgemaak,

2. Akademie se (Universiteits-) prestasie: Die prestasiekriterium was die gemiddelde klas-predikaatsyfer van elke student vir die akademiese jaar. Die gemiddelde predikaat- en eksamensyfer is nie gebruik nie omdat die meeste studente in slegs een of twee vakke aan die einde van hul eerstejaar eksamen doen, teenoor byv. mediese studente wat in al vier hul vakke eksamen moet aflê (U.S. Jaarboek 1962, p. 472). Die gemiddelde predikaat is verder goed verteenwoordigend van ongeveer dieselfde aantal vakke (4 tot 5) wat in die B.A. of B.Sc.-rigting gevolg word. Die jaarpredikaat in elke vak dien ook as die gemiddelde van meer as een toets wat in die betrokke vak gedurende die jaar afgelê is. Morsbach (27 p. 3) stel dit soos volg: Die predikaatstelsel is aanvaarbaar omdat dit:

"(a) 'n metode is wat die minimum subjektiwiteit toon, en

(b) maklik kwantitatief verwerkbaar is".

3. Matriekprestasie: Die gemiddelde persentasie wat in die matriek-eindeksamen behaal is, is as tweede kriterium gebruik.

2. Algemene Opmerkings oor Verspreidings

Die posisie in hierdie ondersoek is dat daar verskille, soms groot

verskille, tussen die VIK en NVK-tellings bestaan. Die groottes van hierdie verskille word in Fig. 17 vir B.A. en Fig. 18 vir B.Sc. d.m.v. frekwensie-verspreidings aangetoon. Die eerstejaarsverslae (11, p. 22) toon dat die verskille 'n normale verskynsel is wat jaarliks herhaal word. Die Nasionale Buro (28, p. 3) het gevind dat 'n verskil van 10 punte tussen VIK en NVK vir elke proefpersoon statisties beduidend op die 5% peil is.

Na aanleiding van die verskille tussen VIK- en NVK-tellings laat Seashore (22, p. 62) hom as volg uit: "The breaking of the IQ into Verbal and Performance IQs (WISC) has proved helpful, but some problems of interpretation have arisen. In our striving for orderlines in thinking about our clinical cases we sometimes get into trouble. We like to assume that for most persons, the Verbal IQ and the Performance IQ will be equal. Any person who shows a difference between his Verbal and Performance IQs is therefore thought to exhibit evidence of a variation from normal which must be clinically important". Na aanleiding van 'n ondersoek vind hy: "For all practical purposes we can conclude that, except for the children in occupational group 1 - those with professional and semi-professional backgrounds - there is no serious tendency for children in diverse occupational groups to show relative excellence in either verbal or performance abilities as measured by the WISC" (Ibid. p. 67). Seashore ontken nie dat daar wel verskille voorkom nie, maar die suggestie is daar dat hy nie graag veel waarde aan die feit dat daar verskille bestaan, wil heg nie.

In die hele monster het 64.88% van die studente hoër VIK-tellings as NVK-tellings behaal, 2.42% gelyke tellings en 32.70% hoër NVK- as VIK-tellings.

Ander ontledings met die hoofstudiegroepe apart toon die volgende

resultate:

1. B.A.: By 38.83% van die hele B.A.-groep is die VIK $>$ 10 pte. hoër as die NVIK.

By 4.76% van die B.A.-groep is die NVIK $>$ 10 pte. hoër as die VIK.

B.Sc.: By 17.70% van die hele B.Sc.-groep is die VIK $>$ 10 pte. hoër as die NVIK.

By 13.11% van die hele groep is die NVIK $>$ 10 pte. hoër as die VIK.

Die χ^2 -metode (7, 14) is vervolgens gebruik om vas te stel of daar 'n verband tussen studierigting en bogenoemde resultate (persentasies) bestaan. Die verband is beduidend op die 1% peil gevind.

2. B.A.: By 50.48% van die Verbaal-hoër IK-groep is die VIK $>$ 10 pte. hoër as die NVIK-tellings.

By 20.63% van die NV-hoër IK-groep is die NVIK $>$ 10 pte hoër as die VIK.

B.Sc.: By 30.17% van die V-hoër IK,-groep is die VIK $>$ 10 pte. hoër as die NVIK.

By 31.75% van die NV-hoër IK-groep is die NVIK $>$ 10 pte. hoër as die VIK.

Ontleding m.b.v. die χ^2 -metode toon 'n beduidende verband op die 5% peil tussen studierigting en bogenoemde resultate.

By 36.85% van die hele monster (578) bestaan 'n verskil van meer as 10 pte. tussen VIK- en NVIK-tellings.

By 63.15% bestaan 'n verskil van minder as 10 pte.

By 27.68% van die hele monster is die VIK 10 pte. hoër as die NVIK.

By 9.17% van die hele monster is die NVIK 10 pte. hoër as die VIK.

'n Opsomming van die Rekenkundige Gemiddelde, Mediaan, Standaard-afwyking, Skeefheid en Kurtose van elke verspreiding word in Tabel 10 aange-
toon:

TABEL 10

Opsomming van Gemiddeldes (\bar{X}), Mediane (Med.),
Standaard-Afrykings (S), Skeefheid (Sk) en
Kurtose (Ku) van die Verspreidings

Beskrywing	N	\bar{X}	Med.	S	Sk.	Ku.
<u>B.A.</u>						
VIK	273	118.45	117.90	13.03	+ .16	.252
NVIK	272	111.49	112.14	13.86	- .097	.135
V-Hoër IK	210	120.17	119.69	13.14	+ .11	.264
NV-Hoër IK	63	120.26	119.32	11.37	+ .25	.349
Ak. Prest.	273	5.47	5.39	0.927	+ .26	.220
Matriek Prest.	256	62.67	62.64	8.45	+ .01	.287
Ak. Prest. V-Hoër Groep	210	5.51	5.41	0.945	+ .32	.220
Ak. Prest. NV-Hoër Groep	63	5.34	5.66	0.849	- .77	.254
<u>B.Sc.</u>						
VIK	305	119.51	118.64	12.12	+ .22	.254
NVIK	305	117.95	118.15	12.31	- .05	.267
V-Hoër IK	179	124.77	123.48	12.13	+ .32	.250
NV-Hoër IK	126	122.84	121.61	8.79	+ .42	.281
Ak Prest.	305	5.43	5.38	1.18	+ .13	.244
Matriek Prest.	275	64.82	65.00	8.79	- .06	.300
Ak. Prest. V-Hoër Groep	179	5.47	5.46	1.18	+ .03	.252
Ak. Prest. NV-Hoër Groep	126	5.36	5.28	1.17	+ .21	.231

Ku vir normale kurwe = .263 (14, p.102)

Waar Ku > .263 - verspreiding plat

Waar Ku < .263 - verspreiding skerp (14, p.102)

$$Sk. = 3 \left(\frac{\text{Gemiddeld} - \text{Mediaan}}{2} \right) \quad (14, \text{ p. } 100)$$

$$Ku = \frac{Q}{(P90 - P10)} \quad (14, \text{ p. } 102)$$

Formule vir normaalkurwe ordinate:

$$y = \frac{N}{\frac{s}{c} \sqrt{2, \pi}} \quad (14, \text{ p. } 103)$$

3. Kort bespreking van die Grafieke

Die feit dat die monster hoogs geselekteerd is moet terdeë in ag geneem word by enige ontleding wat met die verspreidings gemaak word. A.g.v. hierdie seleksie is die monster meer homogeen as die algemene bevolking, veral wat die verstandstoets betref. Die matriekprestasies wat hier gebruik is, is 'n samevoeging van die merkmodes wat deur ten minste vyf provinsies gevolg is. Wat akademiese prestasies betref, het ons dieselfde posisie waar verskillende departemente te doen het met die puntetoekennings. Dit alles dra by tot die verwagting dat sommige verspreidings bi- of multimodalige eienskappe sal toon, soos inderdaad by 10 verspreidings die geval is. Op 6 na toon al die verspreidings verskillende grade van skertheid, terwyl die res redelik normaal tot plat is. Behalwe in die geval van vier verspreidings, is al die verspreidings in mindere of meerdere mate positief skeef, wat in elke geval betejeb dat meer tellings onder die gemiddelde voorkom as daarbo.

FIG. 1

B. A. - VERBALE I.K.




FIG. 2

B.A.-NIE-VERBALE I.K.




FIG. 3

B.A. VERBAAL - HOËR I.K.




FIG. 4

BA. NIE-VERBAAL - HOËR I.K.




FIG. 5

B.A. AKAD. PREST.




FIG. 6

B.A. Matriekprestasie




FIG. 7

B.A. AKAD. PREST. VERB.-HOËR GROEP




FIG. 8

B.A. AKAD. PREST. N-V-HOËR GROEP




FIG. 9

B.Sc. VERBALE I.K.




FIG. 10

B.Sc. NIE-VERBALE I.K.




FIG. 11

B.Sc. VERBAAL-HOËR I.K.




FIG. 12

B.Sc. NIE-VERBAAL-HOËR I.K.




FIG. 13

B.Sc. AKAD. PREST.




FIG. 14

B.Sc. MATRIEKPRESTASIE




FIG. 15

B.Sc. AKAD. PREST. VERB.- HOËR GROEP




FIG. 16

B.Sc. AKAD. PREST. N-V-HOËR GROEP




FIG. 17 BA.





FIG. 18

B.Sc.



H O O F S T U K I VVERGELYKING VAN GEMIDDELDE KRITERIUM-VERSKILIE

Die verwerkings wat in hierdie hoofstuk uitgevoer is, is grotendeels gebaseer op die aanname dat akademiese prestasie direk afhanklik is van die verstandstoetstellings, m.a.w. dat goeie prestasies verwag sou kon word van 'n intellektueel superieure groep soos deur die NSAGT gemeet (3, p.121). Tesame hiermee is die hipotese, dat 'n verbaal-oorheersende toetsprestasiegroep gemiddeld akademies beter behoort te presteer as die groep met nie-verbaal-oorheersende toetsprestasies, getoets. Die vraag is vooraf gestel of groepe, waarvan die VIK- en NVIK-tellings sekere verskille toon, beduidend verskillend akademies sou presteer.

Deurgaans moet in gedagte gehou word dat die totale monster in twee onafhanklike groepe geskei is, t.w.:

1. B.A.-groep
2. B.Sc.-groep

Vir elke groep is die volgende monster-indelings gemaak:

I. Die IK-Totaal is vasgepen binne die grense 125 - 145. Twee sub-groepe, is vervolgens opgestel, nl. eerstens 'n groep waarvan die VIK die NVIK oortref het en tweedens 'n groep waarvan die NVIK die VIK oortref het. Die tellings is individueel (d.w.s. wat die subtotaal IK-tellings betref) afgepaar met 'n maksimum toleransie van 3 punte. Die gemiddelde predikaatprestasies van die twee groepe is met mekaar vergelyk.

II. Dieselfde prosedure as by I is gevolg, maar die vergelykingsgroepe is opgestel op grond van 'n IK Totaal-basis wat gestrek het van 110-124

IK-punte. Hierdie groep bevat ook die gemiddelde IK-Totaal wat van die eerstejaarsbevolking van jaar tot jaar verkry is (8-11).

III. N.a.v. die navorsing deur die Nasionale Buro uitgevoer (28) is die volgende indelings verder gemaak:

- (i) 'n Groep waarvan die VIK > 10 pte. hoër is as die NVIK (ongeaag IK-Totaal)
- (ii) 'n Groep waarvan die VIK 1-10 pte. hoër is as die NVIK (ongeaag IK-Totaal).
- (iii) 'n Groep waarvan die NVIK > 10 pte. hoër is as die VIK (ongeaag IK-Totaal).
- (iv) 'n Groep waarvan die NVIK 1 - 10 pte. hoër is as die VIK (ongeaag IK-Totaal).

Hierna is die volgende verskille van gemiddeldes vir beduidendheid getoets:

- (a) Die prestasies van groepe (i) en (iii);
- (b) Die prestasies van groepe (ii) en (iv);
- (c) Die prestasies van groepe (i) en (ii);
- (d) Die prestasies van groepe (i) en (iv);
- (e) Die prestasies van groepe (ii) en (iii);
- (f) Die prestasies van groepe (iii) en (iv).

IV. Twee vergelykingsgroepe in elke geval is verkry deur die VIK in een groep met 'n gelyke NVIK in die tweede groep af te paar, en binne die volgende willekeurige grense te klassifiseer:

- (i) 130 - 145
- (ii) 120 - 129
- (iii) 110 - 119

Die grense is vasgestel op grond van VIK- en NVIK-tellings, heeltemal onafhanklik van die IK-Totaal-tellings. Die kriterium was gemiddelde akademiese (universiteits-) prestasie.

V. Die VIK-tellings is vasgepen binne die volgende willekeurige grense:

- (i) VIK-tellings binne grense 110 - 124
- (ii) VIK-tellings binne grense 125 - 145.

Die keuse van die grense was sodanig dat elke groep redelik groot kon wees. Uit elke groep is vervolgens twee eksperimentele groepe opgestel, nl.:

- (a) 'n Groep waarvan die NVIK-tellings hoër was as die VIK-tellings (individueel), binne die vasgepende klas.
- (b) 'n Groep waarvan die NVIK-tellings laer was as die VIK-tellings.

Die gemiddelde akademiese prestasie het as kriterium gedien.

VI. Dieselfde prosedure as by V is gevolg, maar met gemiddelde matriek-prestasie as kriterium.

- (i) VIK-tellings binne grense 110 - 124.
- (ii) VIK-tellings binne grense 125 - 145.

VII. Die prestasies op universiteit van 'n verbaal-oorheersende groep is vergelyk met die van 'n Nie-verbaal oorheersende groep. Afparing, met 'n maksimum toleransie van 3 punte of tellings, is tussen die VIK en

TABEL A .Opsorming van Gemiddelde Kriteriaum-Verskille B.A.

Monster Indeling	$\bar{X}_1(V)$	$\bar{X}_2(NV)$	S_1	S_2	Gem. se Verskil	t	G.V.	Tabelle	
								t 5%	t 1%
I	6.16	5.55	.927	.882	0.61	2.081 ^x	36	2.029	2.722
II	5.59	5.39	.727	.508	0.196	1.106	48	2.012	2.690
III (a)	5.84	5.36	.706	.773	0.48	1.654	24	2.064	2.797
(b)	5.63	5.31	.955	.882	0.32	1.741	98	1.987	2.633
(c)	$V \geq 10$ 5.84	$V < 10$ 5.63	.706	.955	0.21	0.888	61	2.000	2.660
(d)	5.84	5.31	.706	.882	0.53	2.2806 ^x	61	2.000	2.660
(e)	5.63	5.36	.955	.773	0.27	1.067	61	2.000	.2660
(f)	$NV \geq 10$ 5.36	$NV < 10$ 5.31	.773	.882	0.05	0.202	61	2.000	2.660
IV (i)	5.9	5.5	.711	.780	0.4	1.467	28	2.048	2.763
(ii)	5.82	5.60	.811	.803	0.22	0.794	32	2.038	2.741
(iii)	5.41	5.21	.644	.677	0.20	1.029	42	2.019	2.701
V (i)	5.24	5.30	.918	.614	0.06	0.612	118	1.981	2.618
(ii)	5.86	5.91	.880	.927	0.05	0.054	78	1.994	2.647
VI (i)	61.18	62.45	7.629	8.394	1.27	0.719	121	1.960	2.576
(ii)	66.23	68.01	7.343	7.663	1.78	0.691	78	1.994	2.647
VII	5.48	5.33	.727	.851	0.15	1.138	63	2.000	2.660
VIII	61.10	61.98	7.018	8.927	0.88	0.713	57	2.002	2.670

x = Bed. 5% peil

TABEL B .Opsomming van Gemiddelde Kriteriaum-Verskille B.Sc.

Monster Indeling	$\bar{X}_1 (V)$	$\bar{X}_2 (NV)$	S ₁	S ₂	Gem. se Verskil	t	G.V.	Tabelle	
								t 5%	t 1%
I	5.48	5.50	1.429	1.066	0.03	0.094	70	1.997	2.652
II	5.36	5.25	0.9796	1.238	0.11	0.556	126	1.960	2.576
III(a)	5.70	5.08	1.120	1.043	0.62	2.522 ^x	72	1.996	2.651
(b)	5.43	5.45	1.052	1.150	0.02	0.101	170	1.960	2.576
(c)	V > 10 5.70	V < 10 5.43	1.120	1.052	0.27	2.389 ^x	121	1.960	2.576
(d)	5.70	5.45	1.120	1.150	0.253	2.040 ^x	121	1.960	2.576
(e)	5.43	5.08	1.052	1.043	0.35	1.723	121	1.960	2.576
(f)	NV > 10 5.08	NV < 10 5.45	1.043	1.150	0.37	1.752	121	1.960	2.576
IV (i)	5.25	5.74	1.383	1.143	0.49	4.454 ^o	52	2.009	2.684
(ii)	5.39	5.20	0.865	1.183	0.19	0.857	90	1.994	2.639
(iii)	5.20	5.41	0.977	1.112	0.205	0.919	86	1.991	2.641
V (i)	5.295	5.407	0.971	1.177	0.112	0.583	124	1.960	2.576
(ii)	5.57	5.67	1.093	1.105	0.10	0.364	80	1.994	2.646
VI (i)	64.47	63.30	8.081	8.899	1.17	0.713	105	1.985	2.628
(ii)	67.60	67.50	8.173	10.46	0.10	0.038	72	1.996	2.651
VII	5.43	5.36	1.019	1.167	0.07	0.526	125	1.960	2.576
VIII	65.37	63.36	7.891	9.593	2.01	1.771	111	1.987	2.632

x = Bed. 5% peil

o = Bed. 1% peil

NVIK-tellings uitgevoer. Daar was geen indeling op IK-Totaal-basis nie, asook geen klasindeling wat die VIK/NVIK-tellings self betref nie (vgl. IV).

VIII. Dieselfde prosedure as by VII is gevolg, maar met gemiddelde matriek-prestasie as kriterium.

Die berekenings word in Tabelle A en B aangetoon (L.W. $\bar{X}(V)$ = Gem. van groep met V-oorheersing; $\bar{X}(NV)$ = Gem. van groep met NV-oorheersing).

Uit die Tabelle blyk die volgende:

I. Wat die B.A.-groep betref, bestaan daar 'n beduidende verskil op die 5% peil, maar nie op die 1% peil nie, tussen die gemiddelde prestasies van die verbaal-oorheersende IK-groep en die nie-verbaal-oorheersende IK-groep. Die hoogste rekenkundige gemiddelde word by die Verbaal hoër IK-groep aangetref, dus is die verskil in die guns van genoemde groep. Wat betref die B.Sc.-Tabel, is daar 'n baie klein onbeduidend hoër gemiddelde prestasie by die nie-verbaal oorheersende IK-groep.

II. Hier is in albei tabelle geen beduidende verskille gevind, nie. Nogtans, by B.A. en B.Sc., is daar 'n verskil tussen die gemiddeldes wat hier, sowel as in verdere verwerkings, in die guns van die Verbaal hoër IK-groep val.

III. (a) Groep (i) en (iii)

By B.A. bestaan daar 'n verskil tussen gemiddeldes in die guns van die Verbaal-hoër IK-groep, alhoewel dit net nie beduidend is nie. By B.Sc. is die verskil beduidend ten gunste van die Verbaal-hoër

IK-groep, maar slegs op die 5% sekerheidspeil.

(b) Groepe (ii) en (iv): In die geval van B.A. is t so te sê beduidend ten gunste van die Verbaal-hoër IK-groep. By B.Sc. is hierdie verskil tussen gemiddeldes egter heelwat kleiner.

(c) Groepe (i) en (ii): Geen beduidende verskil is by B.A. gevind nie. By B.Sc. bestaan daar 'n beduidende verskil op die 5% sekerheidspeil, wat in ooreenstemming is met die bevinding van die Nasionale Buro (28, p. 3(iii)).

(d) Groepe (i) en (iv): Op die 5% peil is daar 'n beduidende verskil tussen die gemiddeldes by B.A. sowel as B.Sc. In albei studierigtings is dit die prestasies van die Verbaal-hoër IK-groepe wat oorheers.

(e) Groepe (ii) en (iii): Geen beduidende verskille is by B.A. of B.Sc. gevind nie.

(f) Groepe (iii) en (iv): Ook hier is geen beduidende verskille tussen die gemiddeldes gevind nie. Wat B.Sc. betref, blyk dit dat die gemiddelde prestasie van groep (iv) hoër is as dié van groep (iii). Alhoewel hier onbeduidend, strook dit met die bevindings van die nasionale Buro (28, p. 3).

IV. (i) In die geval van B.Sc. is hier 'n beduidende verskil op albei peile, vreemd genoeg, is die guns van die NVIK-groep gevind. By B.A. is die verskil in die guns van die VIK-groep alhoewel onbeduidend.

- (ii) Geen beduidende verskille is hier gevindnie, alhoewel die verbale groepe deurgaans hoër gemiddeldes toon.
- (iii) Dieselfde gevolgtrekking as by (ii) hierbo.

V. Die verwerkingsmetode soos onder V (p.43) uiteengesit, is vervolgens uitgevoer om die volgende redes:

1. Vorige ondersoeke (18) het van klasindelings op 'n IK-Totaal-basis gebruikgemaak. Om die rol wat VIK- en NVIK-tellings op sigself speel beter na te gaan, moet hierdie basis uitgeskakel word.
